

Ervaringe van 'n Portuurgroepondersteuningspan in 'n Suid-Afrikaanse Hoërskool

Ronél Ferreira
Universiteit van Pretoria

Aletta Mattheus
Universiteit van Pretoria

A literature study and empirical study of limited scope was undertaken to explore and describe the experiences of a peer support group in a high school in Gauteng, in terms of their knowledge, skills and competence to support peer group members, as well as their training. The empirical study was qualitative in nature and in depth case study was used as research design, with focus groups, observation and semi-structured interviews as research methods. The study revealed that peer support group members regard their knowledge concerning support procedures, basic support skills, as well as more serious contemporary problems and their impact, as insufficient. Furthermore, they expressed the need for a more practical orientated approach to training, including discussions of case studies and role play, as well as for continuous training, empowerment and support by a supervisor. Despite the fact that peer support members have not been consulted by numerous peers, they are required to deal with problems such as depression, conflict management, drug abuse, alcohol abuse, rape, relationship problems and suicide. In conclusion recommendations are made for possible implementation during future training processes, aimed at the empowerment of peer support teams in South African secondary schools.

Key words: peer support groups; support skills; mentoring; peer counselling.

INLEIDING

Adolessensie word dikwels beskryf as 'n tyd van emosionele ontwaking en intellektuele groei, wat gekenmerk word deur verhoogde selfbewustheid, seksuele ontwaking, groepsvorming, verhoogde waagmoed en toenemende onafhanklikheid. Dit is 'n dinamiese tydperk waartydens jong mense die golf tussen kindwees en volwassenheid moet ry (Steinberg, 2001).

Gedurende hierdie opwindende tydperk in hulle lewens, spandeer adolessente 'n groot gedeelte van hul tyd in die teenwoordigheid van maats, wat dikwels as

klankbord gebruik word in die individuele soeke na WIE en WAT hulle is. In hierdie soeke na 'n eie identiteit kom adolessente dikwels voor uitdagings te staan en moet hulle noodgedwonge bepaalde probleme hanteer, nie net in hul eie lewens nie, maar ook in die breë samelewing waarin hulle funksioneer. Vandag se jeug word in 'n toenemende mate gekonfronteer met komplekse en selfs lewensbedreigende verskynsels soos bendes, geweld, dwelmmisbruik en MIV/VIGS – om maar net 'n paar te noem. Die vraag ontstaan tot watter mate adolessente begeleiding en ondersteuning ontvang, nie net deur volwassenes nie, maar ook deur hulle portuurgroep.

Portuurgroepondersteuningstelsels is nie 'n nuwe verskynsel nie en ondersteuning aan jeugdige deur portuurgroepondersteuners word toenemend belangrik, wat doeltreffende opleiding van sodanige ondersteuners deur professionele persone noodsaak. Die meerderheid opleidingsprogramme vir portuurgroepondersteuners wat tot dusver in Suid-Afrika ontwikkel is, fokus daarop om inligting rakende MIV/VIGS te versprei, 'n verhoogde bewustheid ten opsigte van die pandemie by die algemene publiek (kinders) te skep en positiewe gedragsverandering te bewerkstellig. Voorbeelde van sodanige programme is *Soul City* ('n multi-media projek); die *Beyond Awareness Campaign* ('n regeringsinisiatief); *Young Men's Christian Association* (YMCA); Old Mutual se *I Have Hope AIDS Peer Group Project*; en 'n portuuroopvoedingsprogram van die *Planned Parenthood Association of South Africa* (PPASA), wat in 1996 geloods is. Ander inisiatiewe is onder andere die werksaamhede van portuurgroepopvoeders in jeugsentrums as deel van die *Adolescent Reproductive Health Service* (ARHS); die *Youth Commissions National Youth HIV/AIDS Programme*; Nasionale Lewensvaardigheid-opvoedingsprogramme in skole; en *The National Adolescent Friendly Clinic Initiative* (NAFCI) (Health Systems Trust, 1998).

PORTUURGROEPONDERSTEUNING

Jong mense help mekaar op verskillende wyses en reeds gedurende hulle vroeë kinderjare leer kinders belangrike waardes en vaardighede by mekaar soos mededeelsaamheid, kommunikasie en samewerking. Gedurende die oorgang van die kindertydperk na adolessensie na volwassenheid, ondergaan die individu snelle veranderings en word portuurgroep al belangriker. Kinders bestee tydens adolessensie heelwat meer tyd saam met hul portuurlede as gedurende die vroeë kinderjare, terwyl adolessente ook heelwat meer tyd saam met hulle vriende deurbring as saam met hul families.

Die begrip portuur of portuurgroepe verwys na die *sosiale verhouding* wat tussen individue bestaan en kan as 'n verhouding tussen gelykes beskou word (Odendaal, 2000; Kirchler, Palmonari & Pombeni, 1993; Slee, 1993). Louw (1990:378) definieer *portuurgroepe* as "'n relatiewe stabiele versameling van twee of meer kinders wat met mekaar in interaksie verkeer, norme en doelstellings deel, en wat 'n sekere mate van rol- en statusverdeling ontwikkel het waarvolgens die groep se interaksie gereël word". In aansluiting hierby merk Johnson (in Heaven, 1994:73) soos volg op: "Experiences with peers are not superficial luxuries to be enjoyed by some students and not by others. Student-student relationships are an absolute necessity for healthy cognitive and social development and socialization".

Die portuurgroep bied aan die adolessent 'n brug na geleidelike onafhanklikwording van sy ouers, verleen sekuriteit en bestaan uit 'n groep van die adolessent se gelykes, wat dit moontlik maak dat adolessente binne die groep hulle standpunte kan stel en hulself kan handhaaf. Binne so 'n groep kan die adolessent tot selfkennis, selfinsig en selfevaluering kom. Hierbenewens lei aanvaarding binne die portuurgroep tot positiewe selfkonsepvorming en selfaanvaarding, en word daar tydens interaksie met gelykes eise gestel wat binne die adolessent se vermoëns is. Hierdie dinamieke stel die adolessent in staat om op alle ontwikkelingsdomeine te presteer en hou veral voordele in vir persoonlikheidsontwikkeling. Die portuurgroep voldoen gewoonlik aan die behoefte aan kameraadskap en help die adolessent om by sosiale reëls aan te pas. Binne die portuurgroep kry die adolessent geleentheid om nuwe sosiale vaardighede in te oefen en nuwe idees, gedrag en optredes te beproef, asook om seksuele ontwikkeling en die ontwikkeling van seksuele vaardighede te hanteer (Van den Aardweg & Van den Aardweg, 1991).

Adolessente gebruik dikwels hul portuurgroeplede as klankbord wanneer hulle frustrasie, bekommernis of angs ervaar. Aangesien adolessente vir die grootste deel van die dag op mekaar aangewese is, is die portuurgroep en meer spesifiek opgeleide portuurgroepondersteuners, in 'n unieke posisie om ondersteuning te verleen aan portuurgroeplede wanneer hulle voor probleme te staan kom.

Portuurgroepondersteuners kan beskryf word as persone wat oor die vermoë beskik om na die probleme van ander lede van die portuurgroep te luister en hulle kan begelei tot probleemoplossing en doeltreffende besluitneming (verwerk uit CSV, 2001). Portuurgroepondersteuningstelsels word wêreldwyd aangetref en ontstaan gewoonlik geleidelik en op 'n natuurlike wyse uit die gemeenskaplike behoeftes van 'n spesifieke groep. In hierdie verband merk Scherer-Thompson (2002:1) op dat "...the first person a young person turns to for support is usually

a friend. Peer support builds on this natural support system. It trains young people in communication skills so they can build on their strengths and resources and support peers in their communities".

In die *Peer Helping Brochure and National Standards* (2002) word genoem dat portuurgroepondersteuning daarop neerkom dat mense (adolesente) mekaar help ten opsigte van 'n spesifieke frustrasie, bekommernis of lewensgebeurtenis. Adolesente is geneig om eerder hulle vriende vir ondersteuning, raad en praktiese bystand te nader as om volwassenes of professionele persone daarby te betrek.

Portuurgroepondersteuningstelsels hou verskeie voordele in. Hierdie stelsels stel kinders en adolesente in staat om as mense bekwaam te voel, asook om te voel dat hulle verstaan word. Dit kweek verantwoordelikheid en help jong mense om besluitnemingsvaardighede aan te leer en negatiewe portuurgroepdruk te kan hanteer. Verder bevorder dit goeie kommunikasievaardighede, wat kinders/adolesente in staat stel om ander te verstaan en ook deur ander verstaan te word. Portuurgroepondersteuningstelsels bied die geleentheid om aksievaardighede te ontwikkel om middelmisbruik te voorkom, kinders se selfbeeld te verhoog, eensaamheid te beperk en gesondheidskwessies aan te spreek. Hierbenewens ondersteun dit jong mense in hulle akademiese en persoonlike ontwikkeling en dra by tot die skep van 'n klimaat wat bevorderlik is vir 'n basiese omgee en respek vir ander, wat noodsaaklik is in opvoedkundige instellings. Deur die vorming van portuurgroepondersteuningsprogramme in skole en in die gemeenskap word jong mense dus geleer om mekaar te help (*Peer Helping Brochure and National Standards*, 2002; Griffin-Wiesner, 1995; Effendi & Commys, s.j.).

Portuurgroepondersteuning kan verskillende vorme aanneem. Uit beskikbare (alhoewel beperkte) inligting oor huidige portuurgroepondersteuningstelsels in Suid-Afrika blyk dit dat portuurgroepondersteuners gewoonlik formeel opgelei en onder toesig van 'n persoon met 'n sielkundige agtergrond funksioneer. Opleiding is meestal afgestem op die volgende aspekte, eienskappe en vaardighede (*National Peer Helpers Association*, 2001; *Regional Educational Laboratory*, 2001; Webb, 1987): doeltreffende luistervaardighede en begrip van probleme; vriendskap en ondersteuning; bystand en raad tydens besluitneming; bystand as tutor en akademiese hulp aan portuurgroepdele wat sukkel met akademiese eise; kennis van opvoedkundige, beroeps- en gesondheidsaspekte; rolmodellering; mediasie en konflikthantering; probleemoplossingsvaardighede; verwysing na gekwalifiseerde, professionele persone indien dit nodig word; en die inwin van inligting.

Portuurgroepondersteuners gee nie raad of voorskrifte en neem nie besluite vir ander nie, maar kan wel hul menings gee en alternatiewe voorstel, gevolge van besluite identifiseer of ondervindings met ander deel. Hulle vervul ook nie die rol van professionele persone nie, maar tree bloot op as lede van 'n multi-dissiplinêre span in die ondersteuning van adolessente wat op weg na volwassenheid voor probleme te staan kom.

Teen hierdie agtergrond en in die lig daarvan dat onderlinge ondersteuning in die portuurgroep belangrik is en daar slegs beperkte navorsing in hierdie verband bestaan, is 'n studie in Maart tot Augustus 2002 onderneem. Die doel van die studie was om die ervaringe van 'n portuurgroepondersteuningspan in 'n Suid-Afrikaanse hoërskool te verken, met betrekking tot die ondersteuningspan se persoonlike belewinge van hul kennisbasis, vaardighede en bekwaamhede as portuurgroepondersteuners.

NAVORSINGSDOEL

Die hoofdoel van die studie was om die ervaringe van 'n portuurgroepondersteuningspan in 'n Suid-Afrikaanse hoërskool, ten opsigte van die portuurgroepondersteuners se kennisinhoude, vaardighede en bekwaamhede om aan ander portuurgroeplede ondersteuning te kan bied, te verken en te beskryf.

Ten einde aan die oorkoepelende navorsingsdoelstelling te kon beantwoord, is newe-vraagstellings geformuleer, wat verband hou met die tipe kennisinhoude en vaardighede waarvoor portuurgroepondersteuners behoort te beskik ten einde ander portuurgroeplede te kan ondersteun, asook dié kennis en vaardighede waarvoor hulle wel tans beskik. Verder is newe-vraagstellings geformuleer wat verband hou met die mate waarop die portuurgroepondersteuners hulself as bekwaam en toegerus beskou vir hul taak van ondersteuning aan portuurgroeplede, die wyses waarop portuurgroepondersteuners in skoolverband ondersteuning kan verleen, en die behoeftes van portuurgroepondersteuners ten aansien van verdere bemagtiging om portuurgroeplede toereikend te kan ondersteun.

METODOLOGIE

Die studie is kwalitatief van aard. Deur middel van 'n literatuurstudie van beperkte omvang kon 'n bepaalde beeld ten aansien van die rol van portuurgroepondersteuners en die funksionering van portuurgroepondersteuningstelsels in hoërskole verkry word. 'n Ontleding van die literatuur is opgevolg deur 'n empiriese ondersoek na die persepsies van die lede van die geselekteerde portuurgroepondersteuningspan met betrekking tot kennisinhoude en vaardighede waarvoor

hulle reeds beskik en ideaalgesproke moet beskik. Daar is verder gekyk na hulle behoeftes, asook opleidingstrategieë en leemtes wat verband hou met portuurgroepondersteuning, hulle persepsies en ervaringe ten aansien van hul eie bekwaamheid as portuurgroepondersteuners, die rol van portuurgroepondersteuningspanne in skoolverband en ten aansien van sosio-maatskaplike vraagstukke en die moontlikheid van bemagtiging van portuurgroepondersteuningspanne ten einde meer toereikende ondersteuning binne hul portuurgroepe te kan verleen.

Die empiriese ondersoek is onderneem om die ervaringe van 'n portuurgroepondersteuningspan in 'n hoërskool in Gauteng te verken en tot bevindinge en gevolgtrekkings te kom. 'n *In-diepte gevallestudie* is as navorsingsontwerp en *fokusgroepe*, waarneming en *semi-gestruktureerde onderhoude* as metodes gebruik.

Die empiriese studie is onderneem vanuit die *interpretatiewe paradigma*. Deur die interpretasie van deelnemers se aksies en bydraes, teen die agtergrond van hul persoonlike betekenisgewings en leefwêreld (Interpretivisme), kon insig in hulle optrede. Terre Blanche en Durrheim (1999) meld in dié verband dat alle menslike denke, gevoelens en ondervindings vanuit die mens self ontstaan en dat mense (adolesente) op 'n deurlopende basis betekenis aan sodanige gedagtes, gevoelens en ondervindings gee. Die interpretatiewe paradigma het die navorser in hierdie studie in staat gestel om deelnemers in hul natuurlike omgewing (die skool) te bestudeer en hul persepsies binne die wêreld waarin hulle daaraan betekenis gee, te ondersoek ten einde inligting te bekom en insig te verkry oor hul eie leefwêreld, met betrekking tot portuurgroepondersteuning.

NAVORSINGSONTWERP

'n *In-diepte gevallestudie* is gebruik om die ervaringe van portuurgroepondersteuners in die portuurgroepondersteuningspan te verken en te beskryf. 'n Gevallestudie is 'n *diepte beskrywing van 'n enkele persoon, gesin of sosiale groep*, in hierdie geval 'n portuurgroepondersteuningspan by 'n Suid-Afrikaanse hoërskool in Gauteng. Gevallestudies het ten doel om die gedrag van die groep of persoon (portuurgroepondersteuningspan) te verken en te beskryf (Newman & Newman, 1997). In dié verband meld Cohen, Manion en Morrison (2000:181) dat gevallestudies "... provides a unique example of real people in real situations, enabling readers to understand ideas more clearly than simply presenting them with abstract theories or principles."

Ten spyte van bepaalde voordele soos in-diepte insig en die moontlikheid van goeie verhoudingstigting met die deelnemers aan die studie, hou gevallestudie as navorsingsontwerp ook sekere beperkings in. Mouton (2001) beskou die beperkte moontlikheid van veralgemening, gebrek aan standaardisasie van data-insameling en die moontlikheid dat data-insameling en -analise soms tydsintensief is, as van die vernaamste beperkings van gevallestudie as navorsingsontwerp.

Aangesien die navorser self as primêre data-insamelingsbron opgetree en die navorsingsituasie met 'n unieke persoonlikheid en historisiteit betree het, bestaan die moontlikheid dat subjektiwiteit en bevooroordeeldheid die navorsingsproses kon beïnvloed. In die ondersoek is egter gepoog om subjektiwiteit en bevooroordeeldheid te beperk deur veldnotas en klankopnames, asook deur middel van die semi-gestruktureerde aard van die fokusgroepe en onderhoude. Om die response en aard van inligting wat vanaf die deelnemers verkry is te verhoog, is daar telkens ruim geleentheid gelaat vir response.

Die eenheid van studie, naamlik 'n portuurgroepondersteuningspan in die betrokke hoërskool, kan veralgemening van die resultate na ander hoërskole moontlik beperk aangesien slegs een geval ingesluit is, wat nie net so na hoërskole in ander dele van Suid-Afrika veralgemeen kan word nie. Daar is egter gepoog om die toepassingswaarde van die bevindinge te verhoog deur die bevindinge teen die wyer raamwerk van die funksionering van ander portuurgroepondersteuningspanne op nasionale en internasionale vlak te kontroleer en interpreteer.

DATA-INSAMELING

In die lig van die navorsingsdoel en navorsingsontwerp van die studie onder bespreking, is daar van *fokusgroepe*, *waarneming* en *semi-gestruktureerde onderhoude* as data-insamelingstegnieke gebruik gemaak.

FOKUSGROEPE

Fokusgroepe hou bepaalde voordele in deurdat dit die moontlikheid omsluit dat verklarings gevind kan word vir verbande tussen bepaalde stimuli en response, dat inligting verskaf kan word vir die interpretasie van onverwagte effekte/uitkomst, dat die interpreteer van data geverifieer kan word, wat andersins bloot 'n vermoede sou bly, en dat alternatiewe interpretasies van bevindings aangebied kan word, wat nie noodwendig deur tradisionele kwalitatiewe metodes bekom kan word nie (Vaughn, Schumann, Campersand & Sinagub, 1996).

Vir die studie wat hier beskryf word, het die lede van 'n bestaande portuurgroep-
ondersteuningspan in 'n hoërskool in Gauteng deelgeneem aan die fokusgroepe.
Die gekose portuurgroepondersteuningspan bestaan uit sewentien dogters en
seuns in Graad 11. Die seleksie van hierdie portuurondersteuningsgroep is
hoofsaaklik gelei deur die toeganklikheid van die groep vir die navorser. Praktiese
oorwegings soos die moontlikheid van toestemming deur die bestuursliggaam
van die skool, die beskikbaarheid van lokale en die moontlikheid om onderhoude
binne skoolure te skeduleer is ook in gedagte gehou tydens die seleksieproses.

Uitnodigings is aan al sewentien portuurgroepondersteuners gerig en almal was
bereid om deel te neem aan die ondersoek, waarop hulle in twee groepe (agt
lede en nege lede onderskeidelik) verdeel is. Slegs een fokusgroeppsessie is per
fokusgroep gehou, op grond van die waarskynlikheid dat die resultate van die
twee onderhoude mekaar sou verifieer, asook weens die relatief beperkte omvang
van inhoud wat gedek sou word en beperkinge in tyd. Die verkreeë resultate van
die eerste fokusgroep is dan ook wel bevestig deur dié van die tweede fokusgroep.
Een portuurgroepondersteuner is later versoek om die verbatim transkripsies te
kontroleer en te verifieer.

Die navorser was self daarvoor verantwoordelik om die fokusgroepe te beplan
en te fasiliteer, ter wille van volledigheid en die moontlikheid om enige
onduidelikhede wat mag opduik, uit te klaar. Fokusgroepe is gelei deur vrae wat
gemik is op die funksie van die portuurgroepondersteuningspan, die taak van
portuurgroepondersteuners, kennisinhoud en vaardighede wat noodsaaklik is
ten einde ondersteuning te kan bied aan andere portuurgroeplede, die keuse en
opleiding van portuurgroepondersteuners, die aard van probleme wat algemeen
hanteer word en moontlike veranderinge wat deelnemers sou wou aanbring,
indien enige.

'n Videobandopname, asook 'n klankkassetopname, is gemaak van elke
fokusgroeppsessie ten einde deeglik rekord te hou van die sessies. Skriftelike
toestemming is vooraf by die deelnemers verkry vir die gebruik van die apparaat.
Na afloop van die fokusgroepe het die navorser self die verantwoordelikheid
geneem vir die verbatim transkripsies en analise van rou data.

WAARNEMING

Tydens die studie is van semi-gestruktureerde waarneming gebruik gemaak,
deurdat deelnemers tydens fokusgroepbesprekings waargeneem is.

Aangesien die navorsing vanuit 'n interpretatiewe benadering onderneem is, waar die ervaringe van die portuurgroepondersteuningspan vanuit hul persoonlike verwysingsraamwerk verken is, het waarneming die vorm van deelnemer-waarneming aangeneem, waar die navorser betrokke geraak het by die fokusgroepe ten einde persoonlike belewinge te kon verken (Terre Blanche & Durrheim, 1999). Gedurende die fokusgroepe met die onderskeie portuurgroepondersteuningspanlede is gebruik gemaak van veldnotas, om die waarnemings op 'n latere stadium te kon verwerk en interpreteer.

SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

Voordat die fokusgroepe en die verloop daarvan beplan is, is semi-gestruktureerde onderhoude met lede van die portuurgroepondersteuningspan, asook met die sielkundige wat vir die portuurgroepondersteuningspan verantwoordelik is, gevoer. Die onderhoude het hoofsaaklik uit oop-einde, in-diepte vrae bestaan en was daarop gerig om 'n basis daar te stel vir die formulering van vrae aan die hand waarvan die fokusgroepe gelei kon word.

DATA-ANALISE

Tydens die navorsingsverloop was dit deurgaans noodsaaklik om aandag te skenk aan die redusering van data, ten einde te verseker dat die doelstellings van die navorsing nagestreef word, asook om te verhoed dat irrelevante data die proses onnodig vertraag of die navorser op 'n dwaalspoor geplaas word. Riglyne vir die opleiding van portuurgroepondersteuningspanne, tipiese kennisinhoud en vaardighede van portuurgroepondersteuningspanne, asook wyses waarop ondersteuning deur portuurgroepondersteuningspanne verleen kan word, is saamgestel aan die hand van gevolgtrekkings wat uit die navorsing gemaak kon word en wat reeds deur die loop van die navorsingsproses geverifieer is.

Vir doeleindes van die studie is veldnotas en verbatim transkripsies gebruik as rou data vir kodering. Die ontleding van die rou data wat verkry is uit die fokusgroepe en persoonlike onderhoude is gedoen deur middel van konteksanalise, waarvolgens 'n objektiewe koderingskema gebruik is om betekenis, simbole, temas of boodskappe wat gekommunikeer is, te analiseer. Fokusgroepe en onderhoude wat op band vasgelê is, is verbatim getranskribeer, waarna sekere temas en sake uitgelig is deur middel van 'n sistematiese soeke na ooreenkomste en verskille, dit wil sê patrone van data. Slegs nadat hierdie proses afgehandel is, kon konteksanalise van spesifieke temas of kategorieë plaasvind (Berg, 1998).

Alhoewel die navorser gepoog het om data so noukeurig moontlik weer te gee ten einde interne geldigheid te verseker, kan daar nie aanspraak gemaak word op eksterne geldigheid nie aangesien die studie van 'n beperkte omvang is. Strategieë om interne geldigheid te verhoog sluit eerstens die gebruik van 'n deelnemer om die verbatim transkripsies van die fokusgroepe te kontroleer, in. Tweedens is 'n portuurgroepondersteuner uit elke fokusgroep na afloop van die kodering van temas genader om die geldigheid van die kodering te verifieer.

ETIESE OORWEGINGS

Die navorser het voor die aanvang van die studie 'n bespreking met die portuurgroepondersteuningspan en toesighoudende sielkundige gehou, waartydens hulle ingelig is oor die aard en omvang van die navorsingsprojek. Daar is gepoog om 'n vertrouensverhouding tussen die navorser, die personeel en portuurgroepondersteuningspan te vestig en om die integriteit van die navorser te bevestig en sodoende moontlike antagonisme en negatiewe belewinge te bekamp. Die betrokke partye is verseker van vertroulikheid, en 'n onderneming gegee dat, hoewel die navorsingsbevindings bekend gemaak sou word, die name van die skool en deelnemers deurgaans verswyg sou word (anonimiteit).

Deelnemers het skriftelik ingeligte toestemming vir hulle deelname aan die ondersoek verleen, asook vir die feit dat gesprekke en fokusgroepe opgeneem is. Deelnemers is verseker dat alle opnames, nadat hulle getranskribeer is, vernietig sou word, wat dan ook gedoen is. Skriftelike toestemming is ook vooraf by die skoolhoof en beheerliggaam van die skool verkry, wat eweneens van die anonimiteit en vertroulikheid van die deelnemers en rou data verseker is.

RESULTATE

Die resultate soos verkry uit die empiriese ondersoek word vervolgens kortliks uiteengesit en bespreek.

KENNISINHOUDE WAAROO PORTUURGROEPONDERSTEUNERS MOET BESKIK EN TANS OOR BESKIK

Bepaalde temas wat deur die portuurgroepondersteuningspan geïdentifiseer is as kennisinhoude waaroor portuurgroepondersteuners moet beskik, word vervolgens gelys en toegelig met verbatim response:

- Die rol en funksie van 'n portuurgroepondersteuner.
- Kennis van die tipe probleme wat deur 'n portuurgroepondersteuner hanteer kan word.

- Kennis van probleme wat nie deur 'n portuurgroepondersteuner hanteer kan word nie, maar eerder verwys behoort te word na 'n professionele persoon. In dié verband byvoorbeeld die volgende respons: *"Jy moet weet wanneer jy die sielkundige moet vra om te help."*
- Kennis van die impak van hedendaagse probleme op jong mense op verskeie vlakke, byvoorbeeld op emosionele, sosiale en sielkundige vlakke. Response is verskaf soos: *"Jy moet weet van verskillende probleme soos egskeiding, depressie, probleme met pelle ... en probleme met onderwysers wat onregverdig is teenoor kinders"* en dan: *"Ja, en soos as iemand doodgaan in die familie of selfs jou kêrel, of as jou ouers probleme het of te veel van jou verwag of jou nie verstaan nie."*
- Kennis van die korrekte optrede in ondersteuningsituasies, aangedui deur response soos: *"Jy moet weet hoe om 'n persoon te hanteer wat na jou toe kom ..."*
- Kennis van basiese ondersteuningsvaardighede/hulpverleningsaksies. Soos een deelnemer dit gestel het: *"Jy moet weet hoe om die regte vrae te vra en te kan luister vir sekere goed."*
- Kennis van wyses waarop ondersteuning aan portuurgroepdele verleen kan word.

Alhoewel bovermelde as gewenste kennisinhoude geïdentifiseer is, het spanlede aangedui dat hulle nie werklik oor al hierdie kennisinhoude beskik nie. Temas waar hulle veral 'n behoefte aan meer kennis openbaar, hou verband met die impak van hedendaagse probleme op jong mense, asook met die korrekte optrede in ondersteuningsituasies, basiese ondersteuningsvaardighede en hulpverleningsaksies.

Dit blyk dat portuurgroepondersteuners waarde heg aan formele opleiding, eie ondervinding, mededelings deur die portuurgroep, media (biblioteke, koerante, tydskrifte, boeke en die internet) en gesprekke met verantwoordelike persone, om hul kennisinhoude uit te brei.

VAARDIGHEDE WAAROM PORTUURGROEPONDERSTEUNERS MOET BESKIK EN TANS OOR BESKIK

Volgens die portuurgroepondersteuningspan word goeie portuurgroepondersteuners gekenmerk deur goeie luistervaardighede, beradingsvaardighede ("counselling skills") en kommunikasievaardighede, soos vraagstelling, parafrasering, die interpretasie van nie-verbale boodskappe, "probing"-vaardighede, aandaggewing en refleksie van die portuurlik se gevoelens. Verder moet portuurgroepondersteuners oor goeie ondersteuningsvaardighede op sosiale, emosionele en fisiese vlak beskik.

Portuurgroepondersteuners is van mening dat vaardighede slegs ontwikkel kan word indien hulle genoegsame praktiese ondervinding opdoen en die nodige geleenthede vir inoefening van die vaardighede kry. Uit die inligting wat verkry is deur middel van die fokusgroepe en onderhoude blyk dit egter dat sodanige geleenthede nie tans toereikend in hulle opset verwesenlik word nie.

PERSOONSKENMERKE

Volgens die deelnemers moet 'n portuurgroepondersteuner 'n goeie luisteraar wees ("*Jy moet 'n goeie luisteraar kan wees*"), asook vertrouenswaardig wees en vertrou inboesem ("*Jy moet oop wees vir ander mense. Hulle moet kan sien dat hulle jou kan vertrou en dat jy hulle sal bystaan en nie verwerp nie*"). Portuurgroepondersteuners moet daarvan hou om met mense te werk en goeie rolmodelle wees ("*Ek dink jy moet 'n rolmodel wees*"). Hulle behoort daardeur gekenmerk te word dat hulle objektief is ("*Jy moet objektief bly en nie dat jou gevoelens inmeng met jou ondersteuning nie. Jy moet byvoorbeeld nie kante kies nie*"), nie bevooroordeeld of outoritêr nie, beskikbaar en toeganklik vir ander en dat hulle stabiel, spontaan en betroubaar is. Ter staving van laasgenoemde eienskappe die volgende respons deur 'n deelnemer: "*Die belangrikste is om 'n goeie karakter te hê. As jy 'n sterk mens is kan ander sien dat jy hulle ook kan help, want jy is al deur sekere situasies en dit het goed uitgedraai vir jou.*"

MATE VAN ONDERSTEUNING DEUR PORTUURGROEPONDERSTEUNERS

Die huidige portuurgroepondersteuningspan wat ten tye van die navorsing ongeveer ses maande werksaam was, het op daardie stadium reeds 'n gemiddeld van twee leerders per ondersteuner bedien. Een portuurgroepondersteuner het gemeld dat sy reeds deur sewe persone genader is vir ondersteuning. Redes wat aangevoer is vir die beperkte aantal konsultasies, is onder meer dat die skool nie weet wie almal in die portuurgroepondersteuningspan is nie. Volgens die span self is hulle by 'n enkele geleentheid aan die senior groep van die skool (Grade 10-12) bekendgestel by 'n seremonie waartydens hulle 'n eed afgelê het om hul verbintenis tot die portuurgroepondersteuningspan te bekragtig.

Verder het deelnemers aangedui dat hulle beperk word deur die negatiewe reputasies van vorige jare se portuurgroepondersteuningspanne wat hulle vooruitloop, asook deur die wanpersepsie van ander leerders dat alle gevalle met die toesighoudende sielkundige en haar studente, asook met die onderwysers bespreek word.

'n Ander beperkende faktor hou daarmee verband dat die portuurgroep-
ondersteuningspan geen toegewysde lokaal vir konsultasies of kontak met leerders
het nie en dat leerders gevolglik op die skoolterrein, ten aanskoue van ander
leerders, gehelp moet word. Volgens die deelnemers maak hierdie beperking
ernstig inbreuk op vertroulikheid.

Laastens is portuurgroepondersteuners van mening dat junior leerders dit soms
moeilik vind om probleme met senior leerders te bespreek en dat die
portuurgroepondersteuningspan soms as onaantasbaar ("*untouchable*") beskou
word, wat daartoe lei dat ander leerders nie altyd die vrymoedigheid het om met
hulle te gesels nie.

FAKTORE WAT PORTUURGROEPONDERSTEUNERS SE VERMOË TOT ONDERSTEUNING NEGATIEF BEÏNVLOED

Volgens die deelnemers word hulle funksionering as portuurgroepondersteuners
negatief beïnvloed deur inhererende faktore soos onvoldoende opleidings-
geleenthede, die fisiese omgewing van die skool wat nie altyd die nodige
ondersteuning bied nie en die beperkte beskikbaarheid van portuurgroep-
ondersteuners, wat slegs tydens pouses beskikbaar is. Hierbenewens beïnvloed
wanpersepsies van rolspelers hulle funksionering ook nadelig.

OPLEIDING VAN PORTUURGROEPONDERSTEUNERS

Volgens die deelnemers het hul opleiding vir die taak as portuurgroepondersteuners
bestaan uit 'n enkele kamp, waartydens hul vanuit hul eie, dikwels traumatiese,
ervaringe opgelei is om situasies te hanteer. Dit het onder andere behels dat
persone hulself blootgestel het aan die groep, gevolg deur response vanuit die
groep, onder leiding van die toesighoudende sielkundige en 'n groep
magisterstudente in die Sielkunde.

Alhoewel die doel aanvanklik gestel is om op 'n weeklikse basis met die
toesighoudende sielkundige te vergader, kon dit nie altyd realiseer nie. Tydens
byeenkomste tussen portuurgroepondersteuners word dikwels geleentheid gebied
om mekaar beter te leer ken en beter as 'n groep te funksioneer. Gevallebesprekings
vind blykbaar bykans nooit plaas nie. Die toesighoudende sielkundige vir die
portuurgroepondersteuningspan is egter twee dae per week by die skool beskikbaar
vir besprekings.

Dit blyk dat geen geskrewe opleidingsmateriaal aan die portuurgroepondersteuners
verskaf is nie, behalwe 'n publikasie van die *Centre for the Study of Violence and*

Reconciliation, getiteld "Peer Counselling", wat in Mei 2002 deur 'n onderwyseres aan hulle uitgedeel is. Een van die deelnemers aan die ondersoek het opgemerk dat die ondersteuningspan geen "PVA" (plan van aksie) het nie en by implikasie geen vaste struktuur nie. Hulle het blykbaar nie 'n program waarvolgens geleentheid tot verdere opleiding aangebied word nie. Hierbenewens beskou portuurgroep-ondersteuners die interaksie met die skool in sy geheel as ontoereikend en is hulle van mening dat hulle nie effektief aangewend word nie. Volgens die deelnemers kan hulle veel meer bied as wat tans die geval is.

Met betrekking tot opleidingsbehoefes is die behoefte aan deurlopende opleiding deur die deelnemers geïdentifiseer, asook aan 'n groter mate van supervisie en ondersteuning vir portuurgroepondersteuners. Bydraes soos "*Ons kan kursusse bywoon oor goed soos VIGS of depressie of iets*" en verder "*Ons kan as 'n groep bymekaar kom en dan kan ons elkeen sê wat hy of sy dink oor hoe 'n situasie hanteer moet word*" staaf sodanige behoeftes. Hierbenewens openbaar hulle die behoefte aan intensiewe opleiding ten aansien van spesifieke probleme ("*Ons kan kursusse bywoon oor goed soos VIGS of depressie of iets*"), asook aan opleiding wat meer prakties as teoreties van aard is.

AARD VAN PROBLEME WAT DEUR PORTUURGROEPONDERSTEUNERS HANTEER IS

Volgens die deelnemers word hulle dikwels genader vir ondersteuning ten aansien van probleme soos verhoudingsprobleme tussen seuns en meisies, groepsdruk, kompetisie tussen maats, afknouing deur ander portuurgroeplede, konflik tussen ouers (egskeiding, vervreemding), asook konflik met 'n ouer of onderwyser. Ander probleme wat hulle moet hanteer sluit in die hantering van die verlies van 'n persoon as gevolg van dood of egskeding of verplasing, dwelmmisbruik, alkoholmisbruik, verkragting, tienerdepressie, selfmoordneigings, gevoelens van verwerping en verlating, seksuele ontwikkeling, selfbeeld, aandagsoekende gedrag, akademiese druk, asook druk om te presteer op ander terreine (soos sport of buitemuurse aktiwiteite).

Uit die fokusgroepsessies en analise van die rou data het dit geblyk dat portuurgroep-ondersteuners met 'n wye reeks van probleme te doen kry. Alhoewel 'n gevallestudie van 'n fiktiewe MIV-positiewe leerder aan die respondente voorgehou is tydens die fokusgroepe om as voorbeeld te dien van 'n relevante, kontemporêre vraagstuk, is geen melding gemaak van die hantering van MIV/VIGS-gevalle nie. In antwoord op 'n vraag na die wyse waarop die deelnemers 'n MIV/VIGS-aanmelding sou

hanteer, is die volgende response (onder andere) verkry: *"Dit is nogal moeilik om te sê wat jy gaan doen want ons het nog nie met sulke gevalle gewerk nie. As ek so 'n geval kry, sal ek eers moet meer uitvind oor VIGS, soos in om biblioteekboeke te kry of my ouers te vra"* en verder: *"Ek voel onseker want ek sal nie regtig weet of ek die regte ding doen nie en of ek die regte dinge vir die persoon sê nie."*

BESPREKING VAN BEVINDINGE

In die empiriese ondersoek is bevind dat portuurgroepondersteuners in 'n hoërskool in Gauteng hulself nie as toereikend bekwaam beleef ten aansien van die ondersteuning van adolessente wat ernstige probleme, soos MIV/VIGS-infeksie, abortsie of tienerswangerskap, ondervind nie. Hulle beleef hulself egter tot 'n redelike mate as toegerus met kennis en vaardighede om minder ernstige probleme te hanteer. Die portuurgroepondersteuningspan se gevoelens van onbekwaamheid is onder andere gesetel in die klaarblyklike ontoereikende supervisie van die portuurgroepondersteuners, moontlike leemtes in die kurrikulum wat gebruik is tydens die aanvanklike opleiding van die portuurgroepondersteuningspan en die onbetrokkenheid van portuurgroepondersteuners by die opstel en ontwikkeling van programinligting.

Opleiding van portuurgroepondersteuners blyk afhanklik te wees van die doel waarvoor die ondersteuners aangewend word. In die literatuur wat bestudeer is, is bepaalde standaarde van portuurgroepopleiding geïdentifiseer. Volgens die *Kanadese Nasionale Standaarde vir Effektiewe Portuurondersteuningsgroepe* (Peer Helping Brochure and National Standards, 2002) kan die volgende as riglyne vir die opleiding van portuurgroepondersteuners gestel word, wat ooreenstem met die behoeftes wat tydens die empiriese ondersoek deur die deelnemers geïdentifiseer is met betrekking tot hulle opleiding en wat verder sodanige leemtes kan ondervang indien dit in gedagte gehou word tydens opleiding:

- 'n Gekwalifiseerde professionele persoon met spesifieke opleiding in portuurgroepondersteuning moet portuurgroepondersteuningsprogramme lei en toesien dat voldoende supervisie beskikbaar is.
- 'n Portuurgroepondersteuningsprogram moet bestaan uit gestruktureerde opleidingsessies wat gebaseer is op 'n vooraf bepaalde kurrikulum, bestaande uit die behoeftes van jong mense, sowel as die doelstellings van die betrokke portuurondersteuningsgroep.
- Opleiding moet betrokkenheid en selfbestuur bevorder teen 'n agtergrond waarin jong mense 'n mate van bevrediging daaruit kan put. Die portuurgroepondersteuners wat opgelei word, moet betrek word by die opstel en ontwikkeling van programinligting en dienste.

- Kinders en adolessente wat vir opleiding geselekteer word, behoort te beleef dat hul opleiding spesiaal is en gebaseer op hulle behoeftes en bestaande vaardighede. Seleksiekriteria moet voorsiening maak dat portuurgroep-ondersteuners verteenwoordigend is van die gemeenskap waarin hulle werksaam gaan wees. Daar moet ook voorsiening gemaak word vir die ondersteuning van persone wat nie as deel van die groep geselekteer is nie.
- Opleidingsmetodes moet interaktief en eksperimenteel van aard wees, met definitiewe begeleiding en terugvoer. Opleidingsessies behoort rolspel, huiswerk en praktiese take in te sluit.
- Die opleidingsprogram en spesifieke rolle van portuurgroepondersteuners moet deur onderwysers, administrateurs, ouers en ander toepaslike rolspelers ondersteun word.
- Portuurgroepondersteuners moet op 'n deurlopende basis supervisie ontvang en ook deurlopend geleenthede gebied word om hul kennisinhoude te verbreed. Supervisors moet 'n sterk verhouding met die portuurgroepondersteuners handhaaf wat vordering, hantering van vertroulikheid en verwysings na professionele persone bevorder.

Indien die *Kanadese Nasionale Standaard vir Effektiewe Portuurondersteunings-groep* as maatstaf geneem word, kan bepaalde leemtes by die portuurgroep-ondersteuningspan wat by die studie betrek is, geïdentifiseer word. Uit die response van die deelnemers blyk supervisie van die portuurgroepondersteuners byvoorbeeld nie voldoende te wees nie. Verder blyk moontlike leemtes te bestaan in die kurrikulum wat gebruik is tydens die aanvanklike opleiding van die portuurgroep-ondersteuningspan en wil dit voorkom asof portuurgroepondersteuners nie betrek is by die opstel en ontwikkeling van programinligting nie. Geen voorsiening word klaarblyklik gemaak vir die ondersteuning van persone wat nie deel vorm van die finale portuurgroepondersteuningspan nie en dit blyk dat huiswerk en praktiese take nie werklik enige rol gespeel het in die funksionering van die betrokke portuurgroepondersteuningspan nie.

Met betrekking tot moontlike faktore wat portuurgroepondersteuning negatief kan beïnvloed blyk dit dat die fisiese ruimte waarin portuurgroepondersteuners werksaam is 'n negatiewe invloed mag hê op hul werksaamhede, aangesien geen lokaal vir sodanige ondersteuners beskikbaar is nie, dat portuurgroepondersteuners beperk word deur 'n vaste skoolrooster en slegs gedurende pouses (ongeveer 30 minute) ondersteuning aan ander kan verleen, asook dat die persepsies van sowel die personeel en leerders verbonde aan die skool waar die navorsing onderneem is, moontlik 'n remmende faktor kan wees, aangesien dit nie altyd akkuraat is

nie. Die leemtes wat geïdentifiseer is ten aansien van die fisiese omgewing waarin ondersteuning plaasvind, asook met betrekking tot die beskikbaarheid van portuurgroepondersteuners, kan moontlik tydens die samestelling van nuwe portuurgroepondersteuningspanne in die toekoms in gedagte gehou word.

Wat betref die bekwaamheid van die betrokke portuurgroepondersteuningspan om portuurgroep te ondersteun wanneer hulle ernstige probleme beleef, blyk dit dat hierdie ondersteuners hulself nie as toegerus en toereikend bekwaam beskou vir dié taak nie. Hierdie beleving van onbevoegdheid kan moontlik toegeskryf word aan redes soos onvoldoende opleiding, gebrekkige kennisinhoud, asook gebrekkige vaardighede. In dié verband die volgende respons: *"Ek weet nie of ons genoeg kennis het nie. Met 'n bietjie meer kennis en opleiding dink ek behoort jy so iets te kan doen"* en verder: *"Ons moet meer opleiding kry want dit voel vir my of ek nie baie weet van moeilike goed nie. Ons moet altyd vir iemand vra en ek hou nie daarvan om onderwysers of die sielkundige iets te vra nie, want ek is bang hulle dink ek is dom. Soms vra ek vir my vriende wat hulle sou gedoen het as hulle in 'n sekere situasie was ..."* Hulle beleef hulself egter tot 'n redelike mate toegerus met kennis en vaardighede om minder ernstige probleme te hanteer.

In die lig van bogenoemde blyk dit dat die taak van portuurgroepondersteuners beperk word tot die basiese ondersteuning van hul portuurgroep ten aansien van probleme of aspekte waarmee hul gemaklik voel en waarvoor hul die nodige kennis het. Hierdie gedagte ondersteun die resultate van die empiriese ondersoek, waarvolgens portuurgroepondersteuners slegs oor bepaalde kennisinhoud en vaardighede beskik, maar waar daar ook nie van hulle verwag word om probleme te hanteer waarvoor hulle nie voldoende toegerus voel nie. 'n Leemte is wel geïdentifiseer vir 'n meer breedvoerige kennisbasis en vaardighede, met die implikasie dat meer komplekse probleme hanteer sal kan word indien sodanige behoefte sou ontstaan.

Die opleiding van portuurgroepondersteuners ten aansien van kennisinhoud en vaardighede verskil van organisasie tot organisasie. Vir doeelindes van hierdie studie is bevindinge geëvalueer aan die hand van die inhoud van die Centre for the Study of Violence and Reconciliation (CSV) se Peer Counselling opleidingsprogram, wat vervolgens kortliks bespreek word met betrekking tot die onderskeie fases daarvan (Effendi & Commys, s.j.) en wat grootliks ooreenstem met die behoeftes wat deur die deelnemers tydens die empiriese ondersoek geïdentifiseer is met betrekking tot kennisinhoud en vaardighede waarvoor portuurgroepondersteuners moet beskik, maar tans nie toereikend beskik nie.

Fase een behels die identifisering en seleksie van portuurgroepondersteuners, aan die hand van sekere karaktertrekke soos verantwoordelikheid, selfdisipline, selfvertroue, leierskaps-, luister-, kommunikasie- en sosiale vaardighede. Hierdie fase blyk voldoende by die portuurgroepondersteuningspan in die studie hanteer te wees.

Fase twee behels die opleiding van portuurgroepondersteuners wat deur professionele persone behartig behoort te word. Kursusinhoud omvat onder meer 'n bewusmaking van watter tipe probleme self hanteer kan word en watter tipe probleme verwys moet word, 'n bewusmaking van die emosionele, sosiale en sielkundige impak van probleme op individue en die gemeenskap, asook basiese portuurgroepondersteuningsvaardighede, soos hoe portuurgroepondersteuners kan reageer wanneer hulle deur 'n persoon met 'n probleem genader word, wat portuurgroepondersteuners kan sê wanneer hulle vir die eerste keer van 'n probleem hoor, wat goeie luistervaardighede en probleemoplossingsvaardighede behels, hoe om die regte vrae te vra, hoe om refleksie te doen ten aansien van uitgesproke gevoelens en hoe om 'n situasie en gesprek op te som voordat terugvoer gegee word.

Op grond van die beskikbare inligting verkry tydens die empiriese ondersoek is bevind dat die opleiding van die portuurgroepondersteuningspan, soos in fase twee uiteengesit, nie toereikend hanteer is nie, meer spesifiek ten aansien van die aanleer van sekere basiese vaardighede en kennisinhoud. Alhoewel bepaalde kennisinhoud en vaardighede wel gedek is, is etlike leemtes in dié verband deur die deelnemers geïdentifiseer. As voorbeeld die volgende respons: *"Ons het nie goed geleer soos wat sielkundiges geleer het nie, maar ons gaan op ons eie ondervinding ... wat ons hoor by ander en wat jy self geleer of geles of gesien het oor iets..."*

Fase drie bestaan uit die praktiese daarstel van 'n portuurgroepondersteuningspan binne skoolverband en die verskaffing van inligting aan toepaslike rolspelers soos die skoolhoof, onderwysers en leerlingrade aangaande die beplanning van die portuurgroepondersteuningspan; die betrokkenheid van onderwysers in voorligtingsposisies, asook ander onderwysers wat gemoeid is met ondersteuning; die reël van 'n vergadering by die skool om aan alle partye die geleentheid te bied om insae te hê in die beoogde program; 'n formele inligtingsessie en bekendstelling van die portuurgroepondersteuningstelsel aan die hele skool; en die reël van 'n ontmoeting met die skool se uitvoerende bestuur en beheerliggaam om die portuurgroepondersteuningspan se behoeftes aan hulle bekend te maak. Tydens die praktiese daarstelling van die portuurgroepondersteuningspan in die

studie is die span slegs aan 'n gedeelte van die skool bekendgestel. Geen inligting is bekend met betrekking tot die ander aspekte wat in fase drie geïdentifiseer word nie.

Fase vier fokus op voorkomende maatreëls. Dit behels onder andere enige verdere opleiding met die oog op spesifieke kennisinhoude van aspekte soos rook, vandalisme, seksualiteit, dwelms en groepsdruk. Inligting rakende organisasies wat hulp kan verleen, ander kundiges en noodnommers word ook verskaf. Tydens sodanige opleiding speel gevallestudies, rolmodellering en praktiese inoefening van vaardighede 'n prominente rol.

Dit blyk dat daar onder die portuurgroepondersteuners wat betrek is by die studie 'n behoefte bestaan aan verdere opleiding, ten einde hul kennisinhoude en vaardighede uit te brei, soos uiteengesit in fase vier van die CSV se *Peer Counselling* opleidingsprogram.

AANBEVELINGS

Gesien in die lig van die uitkomste van die empiriese ondersoek word die volgende aanbevelings met betrekking tot portuurgroepondersteuningspanne aan hoërskole in Suid-Afrika gemaak:

- Opleiding van portuurgroepondersteuners behoort deeglik oorweeg te word voordat sodanige programme geloods word. Verder behoort pogings aangewend te word om enige tekortkominge in huidige opleidingsprogramme van portuurgroepondersteuners te identifiseer en aan te spreek.
- 'n Formele kurrikulum behoort vir die opleiding van portuurgroepondersteuners ontwikkel te word.
- Geleenthede behoort geskep te word om die kennisinhoude en vaardighede van portuurgroepondersteuners uit te brei, en meer spesifiek met betrekking tot ernstige probleme en in die lig van die relevantheid van sodanige probleme, soos die MIV/VIGS-pandemie, tienswangerskap en aborsie.
- Portuurgroepondersteuners behoort op 'n weeklikse basis supervisie te ontvang, wat veral bestaan uit die bespreking van gevalle en die effektiewe hantering daarvan.
- 'n Vergadering behoort met rolspelers belê te word waartydens behoeftes soos die gebrek aan geskikte lokale, die bekendstelling van die portuurgroepondersteuningspan en hul werksaamhede aan ander leerders en die onderwysers hanteer word.
- Geïdentifiseerde persone behoort op 'n gereelde basis betrek te word by supervisie van die portuurgroepondersteuningspan.

Die implementering van voorafgaande aanbevelings en voorstelle kan moontlik bydra tot die sinvolle funksionering van huidige en toekomstige portuurgroep-ondersteuningspanne in hoërskole in Suid-Afrika. Programme en beoogde programme kan moontlik aan die hand van bovermelde aanbevelings verbeter en verfyn word.

BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Bepaalde beperkings van die studie kan geïdentifiseer word. Aangesien die ondersoek 'n beperkte omvang beslaan het, kan daar nie aanspraak gemaak word op volledigheid nie. Hierbenewens is die ondersoek beperk tot die Gauteng-gebied, wat impliseer dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat die bevindinge geldig sal wees vir die wyer Suid-Afrikaanse konteks nie.

Deelnemers is geselekteer op grond van hul lidmaatskap tot die portuurgroep-ondersteuningspan wat by hierdie studie betrek is, wat impliseer dat die navorser geen waarborg het dat inligting wat deur die deelnemers verskaf is, vry is van onjuishede nie. Die sensitiwiteit van die vraagstuk, asook die feit dat alle deelnemers adolessente is en onder portuurgroepdruk verkeer, kon response moontlik beïnvloed het, aangesien adolessente groot waarde heg aan die goedkeuring deur portuurlede en egte response moontlik verswyg het. Laastens sou die geldigheid van die data waarskynlik verhoog kon word indien meer fokusgroepe gehou is en ander portuurgroepondersteuningspanne by die studie betrek is.

Ten spyte van die beperkinge van die studie is betekenisvolle inligting ingewin aangaande die ondersteuning wat portuurgroepondersteuningspanne aan ander leerders kan bied. Dit kan moontlik as basis dien vir verdere navorsing op dié terrein.

SLOTOPMERKINGS

Portuurgroepondersteuning is 'n hedendaagse verskynsel wat nie noodwendig bewuslik en op 'n formele wyse ontstaan het nie. Weens die kompleksiteit van hedendaagse problematiek en die behoefte aan steun deur ander is portuurgroepondersteuning deel van groepe van enige leeftyd fase, ook tydens adolessensie. Portuurgroepondersteuning maak dit waarskynlik moontlik dat sosio-maatskaplike probleme soos MIV/VIGS, aborsie of tienerswangerskappe makliker aangespreek sal kan word as wanneer die steun van die portuurgroep afwesig is.

Op 'n formele vlak kan portuurgroepondersteuningstelsels geïnisieer word om 'n wye verskeidenheid probleme aan te spreek. Dit sal slegs doeltreffend wees indien die nodige aanvanklike opleiding verskaf word, gevolg deur toereikende supervisie en die vernuuwing van kennisinhoud en vaardighede op 'n deurlopende basis.

In die studie onder bespreking is die ervaringe van 'n bestaande portuurgroepondersteuningspan in 'n Suid-Afrikaanse hoërskool verken en beskryf. Dit blyk dat die portuurgroepondersteuners wat aan die ondersoek deelgeneem het, reeds oor bepaalde gewenste kennisinhoud en vaardighede beskik om as portuurgroepondersteuners in 'n skool te kan funksioneer, alhoewel bepaalde leemtes ook in dié verband uitgewys is. Hierdie leemtes blyk egter ophefbaar te wees, mits die nodige veranderinge aangebring word in die kennisinhoud, vaardighede en vermoëns van portuurgroepondersteuners om ondersteuning aan ander te kan bied. Op dié wyse sal hulle in staat wees om ander leerders nie slegs ten aansien van sogenaamde algemene probleme te kan ondersteun nie, maar ook in die geval van meer ernstige probleme. Met betrekking tot die belangrikheid van sodanige ondersteuning binne die portuurgroep, in teenstelling met ondersteuning deur volwassenes, die volgende opmerking deur een van die deelnemers:

"Ek dink omdat jy self 'n tiener is en al baie deurgegaan het, weet die mense dat jy weet hoe dit voel, en dis makliker om met iemand te praat wat alreeds daardeur is."

LITERATUURVERWYSINGSLYS

- Berg, B.L. (1998). *Qualitative Research Methods of the Social Sciences*. Boston: Allyn & Bacon.
- Centre for the Study of Violence and Reconciliation (CSVr). (2001). *Peer Counselling*. Johannesburg: CSVr Educational & Media Products.
- Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2000). *Research Methods in Education*. London: Routledge.
- Effendi, K. & Commys, C. (s.j.). *Peer Counselling*. Johannesburg: CSVr Education and Media products.
- Griffin-Wiesner, J. (1995). *Youth See Benefits of Serving Others*. <http://search-institute.org/archives/ysboso.htm>
- Health Systems Trust. (1998). *District Development Barometer*. <http://www.hst.org.za/update/upd30-4.htm>

- Heaven, P.C.L. (1994). *Contemporary Adolescence: A Social Psychological Approach*. Melbourne: MacMillan Education.
- Kirchler, E., Palmonari, A. & Pombeni, M. (1993). Development Tasks and Adolescents' Relationships with their Peers and their Family. In: Jackson, S. & Rodriguez-Tome, H. *Adolescence and Its Social Works*. Hillsdale: Lawrence Erlbaum Associates.
- Louw, D.A. (1990). *Menslike Ontwikkeling*. Pretoria: HAUM.
- Mouton, J. (2001). *How to Succeed in your Master's & Doctoral Studies. A South African Guide and Resource Book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- National Peer Helpers Association. (2001). *Peer Helping Brochure and National Standards*. <http://peer.ca/peer.html>
- Newman, B.M. & Newman, P.R. (1997). *Childhood and Adolescence*. California: Brooks/Cole Publishing Company.
- Odendaal, F.F. (2000). *Kernwoordeboek*. Kaapstad: Perskor.
- Peer Helping Brochure and National Standards. (2002). *Youth Working Together. Information for Children, Adolescents and Parents*.
<http://www.peer.ca/peer.html> <http://www.peer.ca/peer.html>
- Regional Educational Laboratory. (2001). *Great Transitions*.
<http://www.nwrel.org/index.html>
- Scherer-Thompson, J. (2002). *Peer Support Manual. A Guide to Setting up Peer Listening Projects in Educational Settings*.
<http://mentalhealth.org.uk/peer/manual/htm>
- Slee, P.T. (1993). *Child, Adolescent and Family Development*. Sydney: Harcourt Brace Jovanovich.
- Steinberg, L. (2001). *Adolescence. Gale Encyclopedia of Psychology*.
<http://www.findarticles.com>
- Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (1999). *Research in Practice. Applied Methods for the Social Sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.
- Van den Aardweg, E.M. & Van den Aardweg, E.D. (1991). *Dictionary of Empirical Education/Educational Psychology*. Pretoria: E & E Enterprises.
- Vaughn, S., Schumann, J.S. & Sinagub, J. (1996). *Focus Group Interviews in Education & Psychology*. California: SAGE Publications.
- Webb, M. (1987). *Peer Helping Relationships in Urban Schools*. (-)

Ronél Ferreira

Departement Opvoedkundige Sielkunde

Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria

Pretoria 0002

Telefoonnommers: (012) 991-4177 (h) / (012) 420-5504 (w)

Faksnommer: (012) 420-5511

E-posadres: rferreira@postino.up.ac.za

Aletta Mattheus

Posbus 42139

Moreletapark, 0044

Telefoonnommers: (012) 997-3340 (h) / (012) 807-3423 (w)

Faksnommer: (012) 807-0109

E-posadres: alet.mattheus@absamail.co.za